**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**KUNS SG**
**(Eerste Vraestel: Kunsgeskiedenis)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES:**

Die vraestel is verdeel in DRIE afdelings.

**AFDELING A** – Internasionale Kuns (1900 tot die hede) **[45]**

**AFDELING B** – Suid-Afrikaanse Kuns (1900 tot die hede) **[45]**

**AFDELING C** – Kunswaardering en Kritiek **[10]**

- In Afdeling A moet jy in totaal vier vrae beantwoord. Let op die keuse in Vraag 2. Daar is geen keuse in Vraag 1, 3 en 4 nie.
- In Afdeling B moet jy in totaal vier vrae beantwoord. Let op die keuse in Vraag 5. Daar is geen keuse in Vrae 6, 7 en 8 nie.
- In Afdeling C beantwoord Vraag 9.
- Lees die vraestel noukeurig deur en volg die instruksies presies.
- Gebruik vol sinne. Gee genoeg voorbeelde om jou antwoord te motiveer.
- Moenie inligting herhaal nie.
- Gebruik die puntetoekenning as ? aanduiding van die lengte en omvang vir elke antwoord.
- Trek ? lyn aan die einde van elke vraag en laat ? reël oop na elke onderafdeling van elke vraag.
- Nommer jou antwoorde in ooreenstemming met die vrae.

---

**Tema: Die invloed van Kuns**

Kuns voed op kuns, asook ander vorme van kommunikasie; beeldende kunste, musiek, uitvoerende kunste, massamedia en multimedia, het almal ? groot invloed op mekaar.

Kombuisware lyk deesdae asof dit direk uit ? wetenskapsfiksierolprent kom, afbeeldings van die Mona Lisa word op kussings afgedruk, en selfs ? klank kan die basis vorm van ? kunswerk.

Hierdie vraestel vereis dat jy die interaksie wat kuns en verskeie vorme van kommunikasie met mekaar het, oorweeg.

## AFDELING A
## INTERNASIONALE KUNS VAN 1900 TOT DIE HEDE

### VRAAG 1

1.1 Noem TWEE twintigste-eeuse skilderkunsbewegings. (2)

Verskaf die volgende inligting onder die name van elk van die TWEE bewegings:

1.2 Noem EEN kunstenaar vir elk van die bewegings in Vraag 1.1. (2)

1.3 Noem EEN skildery deur elk van die kunstenaars. (2)

1.4 Beskryf ? skildery deur een van die kunstenaars in dié beweging. (5)

1.5 Bespreek hoe ander kunsbewegings of ander vorme van kommunikasie dié kunsbeweging mag beïnvloed het. (4)

**[15]**

**EN**

### VRAAG 2

**BEANTWOORD OF 2.1 OF 2.2.**

| Argitektuur is deur tegnologie, die benodigdhede van die samelewing, en deur kunsbewegings beïnvloed. |
|---|

2.1 2.1.1 Noem EEN Internasionale Styl-argitek. (1)

2.1.2 Noem ? gebou wat deur dié argitek ontwerp is. (1)

2.1.3 Beskryf hierdie gebou. (4)

2.1.4 Verduidelik hoe tegnologie en/of die behoeftes van die gemeenskap die argitek se keuse van materiale vir die gebou beïnvloed het. (3)

2.1.5 Noem ? argitek wat geboue ontwerp het **na** die Internasionale Styl. (1)

2.1.6 Noem ? gebou deur hierdie argitek. (1)

2.1.7 Beskryf die gebou. (4)

**[15]**

**OF**

2.2 Kies enige EEN gebou wat jy hierdie jaar bestudeer het, **of** van die Internasionale Styl **of** van ? argitektuurbeweging van na die Internasionale Styl.

2.2.1 Teken ? duidelike lyndiagram van die gebou. (3)

2.2.2 Skryf die naam van die gebou onderaan die diagram neer. (1)

2.2.3 Skryf die naam van die argitek onder die naam van die gebou. (1)

2.2.4 Noem VIER materiale wat in die gebou gebruik is. (4)

2.2.5 Noem DRIE invloede van die beweging op die voorkoms van die gebou wat op die buitekant van die gebou gesien kan word. (3)

2.2.6 Skryf die ligging van die gebou langs die diagram neer. (1)

2.2.7 Noem TWEE konstruksiemetodes wat in die gebou gebruik is. (2)

**EN**

**VRAAG 3**

| Driedimensionele kuns kan ook deur tweedimensionele kuns, musiek, ontwerp, ander beeldende kunstenaars of selfs deur populêre kultuur beïnvloed word. |
|---|

3.1 Noem TWEE internasionale beeldhouers of kunstenaars wat op drie-dimensionele wyse werk. (2)

3.2 Noem ? werk deur elke kunstenaar. (2)

3.3 Beskryf EEN van die werke wat jy genoem het en verduidelik die moontlike invloede op die werk. (6)
**[10]**

**EN**

**VRAAG 4**

| Die toegepaste kunste word gewoonlik beïnvloed deur die moderne gemeenskap ten opsigte van die behoeftes van daardie gemeenskap of die massamedia. |
|---|

4.1 Noem EEN toegepastekunste-kunstenaar / -ontwerper of EEN toegepaste kunste-beweging. (1)

4.2 Beskryf ? werk deur die ontwerper of beweging en verduidelik hoe dit deur die moderne gemeenskap beïnvloed is. (4)
**[5]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [45]**

AFDELING B

**SUID-AFRIKAANSE KUNS VANAF 1900 TOT DIE HEDE**

**VRAAG 5**

**BEANTWOORD OF 5.1 OF 5.2**.

| |
| --- |
| Kunstenaars probeer dikwels om die gemeenskap te beïnvloed deur boodskappe in hulle kuns oor te dra. |

5.1 5.1.1 Noem EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse skilder. (1)

5.1.2 Noem EEN werk deur die skilder. (1)

5.1.3 Beskryf die werk. (2)

5.1.4 Watter boodskap probeer die kunstenaar in hierdie werk oordra? Gee redes vir jou antwoord. (3)

5.1.5 Noem EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse tekenaar / grafiese kunstenaar / drukkuns-kunstenaar. (1)

5.1.6 Noem TWEE werke deur die tekenaar / grafiese kunstenaar / drukkuns-kunstenaar. (2)

5.1.7 Beskryf EEN van die werke. (2)

5.1.8 Hoe kommunikeer die kunstenaar met die toeskouer in hierdie werk? (3)
**[15]**

**OF**

5.2 Verbeel jou dat jy ? persoon is wat in Suid-Afrika woon in die vroeë twintigste eeu. Jy het pas ? uitstalling van vroeë Suid-Afrikaanse tweedimensionele kunswerke bygewoon. Skryf ? brief aan ? vriendin en beskryf wat jy gesien het. Sluit die name van kunstenaars en hul werke in en vertel hom/haar van die betekenis en boodskappe van een of meer van die werke wat jy gesien het. **[15]**

**EN**

## VRAAG 6

**BEANTWOORD BEIDE 6.1 EN 6.2**

> Geboue word ontwerp en opgerig om by die behoeftes van die gemeenskap te pas. Hulle word derhalwe beïnvloed deur die kulturele en sosiale vereistes van die tyd.

6.1 6.1.1 Noem EEN Suid-Afrikaanse woongebou. (1)

6.1.2 Noem die argitek wat hierdie gebou ontwerp het. (1)

6.1.3 Noem TWEE materiale wat deur die argitek gebruik is in die gebou. (2)

6.1.4 Verduidelik waar hierdie materiale in die gebou voorkom. (2)

6.1.5 Noem EEN kulturele / sosiale invloed op die gebou. (1)

6.1.6 Verduidelik waar hierdie kulturele invloed in die gebou gesien kan word. (1)

6.2 6.2.1 Noem EEN Suid-Afrikaanse openbare gebou. (1)

6.2.2 Noem die argitek wat die gebou ontwerp het. (1)

6.2.3 Hoe het die kulturele behoeftes van die gemeenskap die voorkoms van die gebou beïnvloed? Beskryf die voorkoms van die binnekant en die buitekant van die gebou. (5)

**[15]**

**EN**

## VRAAG 7

> Musiek, tegnologie, massamedia en die uitvoerende kunste het almal drie-dimensionele kuns beïnvloed sodat dit veel meer as slegs ? beeldhouwerk geword het.

7.1 Noem TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars wat in drie dimensies werk. (2)

7.2 Noem EEN werk deur elke kunstenaar. (2)

7.3 Beskryf albei werke met verwysing na maniere waarop die werke meer eksperimenteel geword het. 2x3=(6)

**[10]**

**EN**

**VRAAG 8**

| |
|---|
| Die toegepaste kunste word deur fantasie, tegnologie en selfs deur tradisionele kuns beïnvloed. |

Bespreek voorbeelde van Suid-Afrikaanse kunsvlyt of toegepastekunste. Verwys na die merkbare invloede op die werke. **[5]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [45]**

AFDELING C

**KUNSWAARDERING EN KRITIEK**

**VRAAG 9**

Bespreek een of meer van jou besoeke aan ? kunsgalery. Beskryf TWEE kunswerke wat jy gesien het. **[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [10]**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**